



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
INSTITUSIONELE KANTOOR

## Studentetugreëls van die NWU

<b>Verwysingsnommer</b>	7P/7.8.3
<b>Aanspreeklike uitvoerende bestuurder</b>	Institusionele Registrateur
<b>Beleidseienaar</b>	Institusionele Registrateur
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Kampusregistrateurs
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	Goedgekeur op 18 Junie 2004 en hergoedgekeur op 22 November 2013
<b>Wysigings</b>	Hersiening
<b>Wysigingsdatum</b>	2013
<b>Hersieningsdatum</b>	2015
<b>Beleid se webadres</b>	<a href="http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules">http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules</a>
<b>Adres op beleidsdatabasis</b>	RMA SHARE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\7P-7.8.3-student disciplinary_a.docm

## Studentetugreëls van die NWU

### 1 Visekanselier of afgevaardigde lid van die Institusionele Bestuurskomitee as Hooflugbeampte

- (1) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde is die Hooflugbeampte van die Noordwes-Universiteit kragtens paragraaf 81 van die Statuut.
- (2) Die Visekanselier en elke ander dissiplinêre liggaam van die Universiteit oefen hul dissiplinêre bevoegdhede namens die Raad en die Senaat uit ingevolge die voorskrifte van die Statuut en hierdie reëls.

### 2 Dissiplinêre liggame van die Noordwes-Universiteit is:

- (1) Visekanselier
- (2) Kampusrektore
- (3) 'n Tugkomitee vir studentesake op institusionele of kampusvlak
- (4) 'n Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad op institusionele of kampusvlak
- (5) 'n Koshuistugkomitee
- (6) 'n Huisvader of koshuishoof
- (7) 'n Ander paslike komitee

### 3 Oortredings, die indien van 'n aanklag en die voorlopige ondersoek

- (1) Behalwe vir minder ernstige oortredings op koshuisvlak, moet enige aanklag m.b.t. die gedrag van 'n student – soos in paragraaf 81 van die Statuut bedoel – ingedien word by die studenteregsbeampte en/of ondersoekbeampte wat vir die doel deur die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde aangewys is.
- (2) Die ondersoekbeampte stel 'n verslag saam en lê dit aan die studenteregsbeampte voor. Die studenteregsbeampte en/of pro forma-aanklaer besluit of daar 'n dissiplinêre verhoor gehou gaan word of nie, en verwys vervolgens die saak na die relevante forum.

### 4 Samevattende prosedure

- (1) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde mag tydens hul oorweging van die aanklag aan die student die opsie voorhou om skuldig te pleit voordat die aanklag teen die student aangehoor word. Nadat die student van hierdie maatreël verwittig is, mag die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde 'n toepaslike straf oplê indien die student skuldig pleit. Die

Visekanselier of sy/haar afgevaardigde moet vasstel of die student alle aspekte van die oortreding erken, en of hy/sy regtig van plan is om skuldig te pleit voordat die student skuldig bevind word.

- (2) Die strafmaatreëls wat in hierdie gevalle opgelê mag word, word in paragrawe 6 (5), (6), (8), (10), (12), (13) (14) en (15) van hierdie reëls uiteengesit, insluitend die betaling van 'n geskikte bedrag om te vergoed vir enige skade, verlies of ander koste deur die student veroorsaak.
- (3) Voordat enige straf opgelê word, moet die student se persoonlike omstandighede, die aard, erns en feite van die oortreding, die belange van die Universiteit, sowel as die doel van die straf (bv. rehabilitasie, vergelding, voorkoming en afskrikking), in aanmerking geneem word.

## 5 Tydelike skorsing

(1) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde mag, indien hy/sy dit nodig ag, 'n student:

- (a) Teen wie 'n aanklag ondersoek word; of
- (b) wie reeds skuldig bevind en gestraf is, en teen die skuldigbevinding en/of straf appelleer;

Verbied om vir 'n tydperk – bepaal deur die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde – enige perseel van die Universiteit of enige gedeelte daarvan te betree, of om enige reg of voorreg – waarop 'n geregistreerde student aanspraak mag maak – uit te oefen.

(2) Die tydelike skorsing soos in subparagraaf (1) bedoel, mag voortduur totdat die:

- (a) Student binne twee dae (48 uur) vanaf ontvangs van die tydelike skorsing redes verskaf wat, na die Rektor se eie goeddunke, voldoende is om die tydelike skorsing op te hef;
- (b) student onskuldig bevind word deur 'n benoemde dissiplinêre liggaam;
- (c) student skuldig bevind word en die benoemde dissiplinêre liggaam die tydelike skorsing bevestig; of
- (d) student se appèl teen die skuldigbevinding of straf slaag.

## 6 Strafmaatreëls

Die dissiplinêre liggame van die Universiteit mag, sover dit vir elke liggaam geld, enige een of 'n kombinasie van die volgende strafmaatreëls oplê:

- (1) Uitsetting uit die Universiteit;
- (2) skorsing uit die Universiteit vir 'n bepaalde tydperk;
- (3) uitsetting of skorsing uit 'n koshuis;
- (4) weiering van toegang tot alle of sommige geboue, persele, grond of dienste van die Universiteit, of slegs voorwaardelike toegang;

- (5) skorsing van klasbywoning vir 'n bepaalde tydperk, óf in totaal óf slegs ten opsigte van sekere kursuseenhede;
- (6) weiering van toegang tot enige eksamen- of toetsgeleentheid;
- (7) verbeuring van enige punte reeds verwerf en die kansellasië van enige vak of kursuseenheid;
- (8) oplegging van 'n boete wat nie 'n bedrag gelykstaande aan die student se betaalbare gelde vir die betrokke jaar mag oorskry nie;
- (9) die betaling van 'n geskikte bedrag om te vergoed vir enige skade, verlies of koste deur die student veroorsaak;
- (10) verbod op spesifieke studentevoordele met of sonder voorwaardes wat regverdigbaar is uit opvoedkundige oorwegings en aanvaarbaar is binne die institusionele kultuur van die Universiteit;
- (11) oplegging van enige opgeskorte straf, kombinasie van strafmaatreëls of ander straf wat, vanuit 'n opvoedkundige perspektief en ooreenkomstig die institusionele kultuur van die Universiteit, redelik en regverdig is onder die omstandighede;
- (12) 'n streng vermaning en waarskuwing;
- (13) verwysing na kundiges vir sielkundige, pastorale of ander diagnosering, terapie of hulp;
- (14) remediërende of ander dienste wat onder die omstandighede, vanuit 'n opvoedkundige perspektief en binne die Universiteit se etiese kode, redelik en regverdigbaar geag word;
- (15) kennisgewing aan alle of spesifieke ander hoëronderrysinstellings en paslike professionele en/of beroepspliggame oor die skuldigbevinding en/of straf;
- (16) endossement van die student se akademiese rekord op 'n permanente basis of vir 'n bepaalde tydperk; en
- (17) gemeenskapsdiens.

## **7 Prosedure vir verhoor deur Visekanselier of afgevaardigde**

- (1) Mits die beginsels van natuurlike geregtigheid nagekom word, word die prosedure vir verhoor deur die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde gereël soos die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde dit raadsaam ag.
- (2) Versuim deur 'n student om teenwoordig te wees of teenwoordig te bly by 'n verhoor, doen geen afbreuk aan die geldigheid van die verrigtinge nie.
- (3) 'n Student wat voor die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde moet verskyn, moet 'n geskrewe kennisgewing van die verhoor ontvang ten minste drie (3) dae voor die verhoor – Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae uitgesluit. Die kennisgewing moet noukeurig

en in genoegsame besonderhede vermeld wat die aanklagte teen die student is sodat die student hom/haar vir die verhoor kan voorberei.

- (4) Die kennisgewing van die tugverhoor, met gepaste vermelding van die aanklagte teen die student, mag via geregistreerde pos, elektroniese pos of faks gestuur word, of mag persoonlik aan die student oorhandig word. 'n Kennisgewing wat via geregistreerde pos, elektroniese pos of faks aan die student gestuur is, sal binne vyf (5) werksdae vandat dit ge-pos is (in die geval van geregistreerde pos) of vandat dit versend is (in die geval van elektroniese pos of faks) as ontvang beskou word.

## **8 Appèl teen besluit van Visekanselier of afgevaardigde**

- (1) 'n Student mag appelleer teen die skuldigbevinding en vonnis soos deur die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde bepaal. Die appèl moet by 'n appèlkomitee vir tugsake aangeteken word ingevolge die bepalings van paragraaf 84 van die Statuut en subparagraaf (2) hieronder.
- (2) 'n Geskrewe kennisgewing van appèl moet by die kantoor van die Kampusregistrator ingehandig word binne vyf (5) dae (Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae uitgesluit) ná die beslissing waarteen geappelleer word, bereik is. Die kennisgewing moet aandui of appèl teen die skuldigbevinding of vonnis of beide aangeteken word, en die gronde waarop die appèl gebaseer is.
- (3) Wanneer 'n kennisgewing van appèl (soos bedoel in subparagraaf (2)) tesame met die verslag (soos bedoel in paragraaf 9 van hierdie reëls), roep die Institusionele Registrator 'n appèlkomitee byeen om die appèl in oorweging te neem. Hierdie appèlkomitee bestaan uit 'n raadslid, 'n lid van die Institusionele Senaat en 'n lid van die Institusionele Bestuurskomitee.

## **9 Verslag oor verhoor deur Visekanselier of afgevaardigde**

- (1) Indien 'n student teen 'n beslissing van die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde appelleer, moet die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde óf die studenteregsbeampte óf die pro forma-aanklaer 'n verslag saamstel wat die besonderhede van die aanklag, die verweer, getuienis, wesenlike feitelike bevindinge, enige verswarende of versagtende omstandighede, die bevinding, die straf opgelê en redes vir die besluit, bevat.
- (2) Die appellant is geregtig op 'n afskrif van die verslag by betaling van die toepaslike koste, soos deur die Institusionele Registrator bepaal.

## **10 Verwysing van tugverhoor deur Visekanselier of afgevaardigde**

Indien die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde van mening is dat die student se gedrag – in die lig van die omstandighede waarin dit plaasgevind het en die effek daarvan op die algemene orde en dissipline van die Universiteit – ernstig van aard is, moet hy/sy die saak na 'n Tugkomitee vir Studentesake verwys.

## 11 Terugvoer

Die Visekanselier verskaf terugvoer oor tugsake aan die onderskeie dissiplinêre liggame, die Senaat en die Raad, soos nodig om orde by die Universiteit te handhaaf.

## 12 Verhoorkomitees vir studentedissipline

Daar is drie tugkomitees vir Studentesake wat deur die Visekanselier, as Hoofugbeampte, vir die Mafikeng-, Vaaldriehoek-, en Potchefstroomkampus aangewys word.

## 13 Samestelling

- (1) Die verhoorkomitees, soos bedoel in paragraaf 12, bestaan uit:
  - (a) die Kampusrektor of sy/haar afgevaardigde ingevolge paragraaf 48(3) van die Statuut as voorsitter; en
  - (b) twee permanente akademiese personelede vanaf die betrokke kampus wat ten minste die rang van senior lektor of hoër beklee.
- (2) Enige lid wat betrokke was by die aanklag of ondersoek moet hom-/haarself onttrek van die sessie waarin die tugsak verhoor word.

## 14 Funksie en bevoegdhede van verhoorkomitees

- (1) 'n Verhoorkomitee het na die skuldigbevinding die bevoegdheid om die student 'n paslike straf op te lê ingevolge paragrawe 79 en 80 van die Statuut en paragraaf 6 van hierdie Reëls.
- (2) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde mag vir die verhoor 'n toepaslike persoon aanwys as pro forma aanklaer.
- (3) Die persoon of persone soos bedoel in subparagraaf (2) het geen stemreg met betrekking tot die besluite van die verhoorkomitee nie.
- (4) Die voorsitter van die verhoorkomitee mag 'n Universiteitspersoneellid, wat nie lid van die verhoorkomitee is nie, as sekretaris aanwys.

## 15 Plek van verhoor

'n Verhoorkomitee mag hul aktiwiteite uitvoer op enige plek waarop die voorsitter van die verhoorkomitee na eie goëddunke besluit.

## 16 Tyd en duur van die verhoor

- (1) 'n Verhoorkomitee mag hul aktiwiteite op enige dag behalwe 'n Sondag uitvoer.
- (2) Die voorsitter van 'n verhoorkomitee bepaal die aanvangstyd van die aktiwiteite.
- (3) Die voorsitter van die verhoorkomitee bepaal die ure waartydens die verhoorkomitee hul aktiwiteite sal uitvoer, maar moet die student se toestemming kry indien die verhoorkomitee met die saak wil voortgaan vir meer as ag (8) ure per dag.

- (4) 'n Verhoorkomitee mag hul aktiwiteite verdaag of uitstel na 'n ander dag of dae, afhange van die eise wat deur die saak se bepalings gestel word, solank 'n versoek om uitstel van die verhoor slegs oorweeg sal word indien daar goeie redes verskaf word en dan slegs na die verhoorkomitee se eie goeddunke.

## 17 Verhoor

- (1) 'n Student wat voor die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde moet verskyn, moet 'n geskrewe kennisgewing van die verhoor ontvang ten minste drie (3) dae voor die verhoor – Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae uitgesluit. Die kennisgewing moet noukeurig en in genoegsame besonderhede vermeld wat die aanklagte teen die student is, sodat die student hom/haar vir die verhoor kan voorberei.
- (2) Die kennisgewing van die tugverhoor, met gepaste vermelding van die aanklagte teen die student, mag via geregistreerde pos, elektroniese pos of faks gestuur word, of mag persoonlik aan die student oorhandig word. 'n Kennisgewing wat via geregistreerde pos, elektroniese pos of faks aan die student gestuur is, sal binne vyf (5) werksdae vandat dit ge-pos is (in die geval van geregistreerde pos) of vandat dit versend is (in die geval van elektroniese pos of faks) as ontvang beskou word.
- (3) Versuim deur 'n student om teenwoordig te wees of teenwoordig te bly by 'n verhoor, doen geen afbreuk aan die geldigheid van die verrigtinge nie.
- (4) Die voorsitter van die verhoorkomitee beheer die verrigtinge tydens die verhoor ooreenkomstig die beginsels van natuurlike geregtigheid.
- (5) By die aanvang van die verhoor moet die voorsitter bevestig dat die komitee saamgestel is ingevolge die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, soos gewysig ("die Wet"), die Statuut van die Universiteit en hierdie Reëls.
- (6) Ná die verhoorkomitee saamgestel is, mag die voorsitter besluite neem oor die prosedures wat die komitee gaan volg, die plek of plekke en tye van die sessie ingevolge die bepalings in subparagraaf (4), maar geen bespreking van die saak se meriete, die geloofwaardigheid of betroubaarheid van die getuies of die student, of moontlike strafmaatreëls vind op hierdie stadium plaas nie.
- (7) Die student het die reg om die verhoor by te woon en hom- of haarself te verdedig met die ondersteuning van nog 'n persoon.
- (8) 'n Student het nie vanselfsprekend die reg om verteenwoordig te word nie. Die student of sy/haar verteenwoordiger mag formeel aansoek doen om verteenwoordiging en die komitee kan dit na eie goeddunke goedkeur of afkeur, solank dit redelik en regverdig oordeel met billike oorweging van:
  - (a) Die omstandighede van die betrokke saak;
  - (b) die aard van die aanklag;
  - (c) die graad van feitelike of wetlike kompleksiteit;

- (d) die potensiële erns van die gevolge van 'n ongunstige bevinding;
  - (e) die regsagtergrond van die pro forma-aanklaer; en
  - (f) enige ander tersaaklike faktore.
- (9) Die verrigtinge soos bedoel in subparagraaf (3) sowel as die verhoorkomitee se beraadslaging t.o.v. skuldigbevinding al dan nie – nadat die betrokke partye hul saak afgesluit het en die verhoorkomitee t.o.v. 'n gepaste straf beraadslaag het, na skuldigbevinding en die aanhoor van getuies om 'n gepaste straf te bepaal – vind plaas in die afwesigheid van die student, sy/haar verteenwoordiger, enige getuies en enige ander persoon wat nie 'n lid van die verhoorkomitee is nie.
  - (10) Wanneer 'n student voor 'n verhoorkomitee verskyn, kondig die voorsitter aan dat die verhoorkomitee 'n verhoor gaan hou m.b.t. die beweerde oortreding, en verduidelik hy/sy die prosedure wat tydens die verhoor gevolg gaan word.
  - (11) Nadat die stappe soos bedoel in subparagraaf (6) gevolg is, word die student mondeling in kennis gestel van die beweerde oortreding waaroor die verhoor gaan en word die student versoek om skuldig of onskuldig te pleit.
  - (12) Vrae ter verduideliking van die bekennings of ontkenning, soos bedoel in subparagraaf (11), mag deur die verhoorkomitee aan die student gestel word.
  - (13) Indien die aanklag 'n oortreding is waaraan die student reeds deur 'n hof skuldig bevind is, is 'n afskrif van die skuldigbevinding deur die hof – nadat die student geïdentifiseer is as die persoon waarna die rekord verwys – prima facie-bewys dat die student wel die betrokke oortreding gepleeg het.
  - (14) Ten spyte van subparagraaf (13), het die student die reg om bewys te lewer dat hy of sy verkeerdlik skuldig bevind is.
  - (15) Indien die student skuldig pleit aan die beweerde oortreding en die verhoorkomitee dit so aanvaar, mag die verhoorkomitee die student skuldig bevind en 'n straf opleë – met deeglike inagneming van die student se persoonlike omstandighede; die aard, erns en feite van die oortreding en die belange van die Universiteit; sowel as die doel van die straf, i.e. rehabilitasie, vergelding, en/of afskrikking.
  - (16) Indien die student onskuldig pleit, hoor die verhoorkomitee getuies aan wat deur die pro forma-aanklaer en die student voorgehou word.
  - (17) Die verhoorkomitee mag getuies roep en ondervra, en getuies wat reeds getuig het, terugroep en herondervra.
  - (18) Bo en behalwe subparagraaf (17) mag getuies ook by wyse van verklaring – dokumentêre en fisiese bewyse ingesluit – ontvang en oorweeg word.



- (19) Die verhoorkomitee verleen ook die student of sy/haar verteenwoordiger 'n redelike en regverdigde geleentheid om elke getuie te ondervra, en om vrae ten opsigte van verklarings, dokumentêre en fisiese bewyse te vra.
- (20) Nadat getuienis namens die Universiteit gelewer is, word die student die geleentheid gegun om te getuig en om getuies te roep, mits die student voor sy/haar ander getuies getuig, en die student en sy/haar getuies deur die verhoorkomitee en die pro forma-aanklaer ondervra mag word.
- (21) Nadat die verhoorkomitee die getuienis namens die student aangehoor het, verleen hulle die student of sy/haar verteenwoordiger, sowel as die pro forma-aanklaer, die geleentheid om redes aan te voer waarom die aanklag bewys is al dan nie.
- (22) Na aanhoring van die argumente soos bedoel in subparagraaf (21) besluit die verhoorkomitee d.m.v. meerderheidstem of die student skuldig is aan die oortreding – nadat alle toepaslike getuienis, insluitend die student se pleitverduideliking, in aanmerking geneem is.
- (23) Die voorsitter kondig die beslissing aan en verskaf ook aan die student redes vir die verhoorkomitee se besluit. In die geval van 'n skuldigbevinding, moet die voorsitter aan die student en sy/haar assistent of verteenwoordiger, sowel as die pro forma-aanklaer, die geleentheid gun om stellings te maak en/of getuienis aan te voer m.b.t. versagende, verswarende, of enige ander toepaslike omstandighede.
- (24) Na aanhoring van die argumente soos bedoel in subparagraaf (23) besluit die verhoorkomitee d.m.v. meerderheidstem op 'n gepaste straf met redelike inagneming van: die student se persoonlike omstandighede; die aard, erns en feite van die oortreding en die belange van die Universiteit; sowel as die doel van die straf, i.e. rehabilitasie, vergelding en afskrikking, sowel as voorleggings wat betrekking het op die student se vorige amptelike akademiese en tugrekords, wat deur die student erken is.
- (25) Die voorsitter van die verhoorkomitee lig die student mondelings of skriftelik in oor die straf opgelê, en moet redes aanvoer vir die strafoplegging en aan die student die vonnis verduidelik sowel as die kans om te appelleer ingevolge paragraaf 84 van die Statuut.
- (26) Die verhoorkomitee mag beveel dat die appèl nie die skuldigbevinding of die straf opgelê opskort nie.

## **18 Verslag oor verhoor**

Die bepalinge van paragraaf 9 van hierdie Reëls geld, met die nodige veranderinge, vir die voorsitter van die verhoorkomitee.

## **19 Appèlle**

- (1) 'n Student mag appelleer teen die besluit en straf opgelê deur die verhoorkomitee ingevolge die bepalinge van paragraaf 84 van die Statuut en paragraaf 8 van hierdie Reëls.

- (2) 'n Appellant mag deur 'n ander persoon gesteun of verteenwoordig word in die voorbereiding van so 'n appèl.
- (3) Die voorsitter van 'n appèlkomitee bepaal die prosedure wat gevolg word, mits die beginsels van natuurlike geregtigheid nagekom word.
- (4) 'n Appèlkomitee se beslissing oor 'n appèl berus slegs op dokumentasie.
- (5) Die appellant se versuim om persoonlik teenwoordig te wees of te bly by die appèlverhoor doen geen afbreuk aan die geldigheid van die verrigtinge nie.
- (6) Geen lid wat ook lid was van 'n dissiplinêre liggaam wat in die eerste instansie of tydens 'n vorige appèl die genoemde saak hanteer het, of wat betrokke was by die aanklag of die ondersoek, mag 'n lid van die appèlkomitee wees nie.

## **20 Pleit- en strafooreenkoms**

- (1) Die studenteregsbeampte of die pro forma-aanklaer mag 'n pleit- en strafooreenkoms met die student aangaan, mits die verhoorkomitee nie daartoe verbind is nie en die ooreenkoms mag aanvaar of verwerp.
- (2) Indien die verhoorkomitee die pleit- en strafooreenkoms verwerp, moet die saak na 'n tugverhoor verwys word op die vroegste moontlike datum daarna.
- (3) Die verhoorkomitee mag uit dieselfde lede bestaan as dié wat die pleit- en strafooreenkoms verwerp het.

## **21 Alternatiewe tugprosedures**

- (1) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde, die studenteregsbeampte of die pro forma-aanklaer mag, soos die omstandighede en meriete van die saak dit regverdig, die saak vir bemiddeling tussen die twee partye verwys.
- (2) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde, die studenteregsbeampte of die pro forma-aanklaer sal die bemiddelingsproses bepaal en self as bemiddelaar optree of 'n bemiddelaar aanwys en, soos die omstandighede en meriete van die saak dit regverdig, 'n bemiddelaar met spesifieke kennis of kundigheid aanwys.

## **22 Bestaan en bevoegdhede van dissiplinêre liggame op studentevlak**

- (1) Vir elke Verteenwoordigende Studenteraad van die Universiteit is daar 'n tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad wat, ingevolge die Statuut, hierdie Reëls en die grondwet van die spesifieke Verteenwoordigende Studenteraad, vir dissipline verantwoordelik is.
- (2) Die dissiplinêre bevoegdhede van substudenterade en gepatroneerde komitees word deur hierdie Reëls vasgestel en deur hul grondwette en die toepaslike reëls van sulke rade en komitees, wat deur die Verteenwoordigende Studenterade goedgekeur is op voorwaarde dat die grondwet en die toepaslike reëls van substudenterade, gepatroneerde komitees, en

tugkomitees van koshuise en die Verteenwoordigende Studenteraad onderhewig en ondergeskik aan die Tugreëls is.

## **23 Samestelling en ampstermyne van die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad**

- (1) Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde bekragtig jaarliks die samestelling van 'n tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad binne twee weke nadat die termyn van sodanige Verteenwoordigende Studenteraad begin het. Die komitee bestaan uit:
  - (a) Een lid van die Verteenwoordigende Studenteraad, verantwoordelik vir dissipline, word deur die voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad aangewys vanuit die geledere van die Verteenwoordigende Studenteraad.
  - (b) Drie geregistreerde studente wat nie lede van die Verteenwoordigende Studenteraad hoef te wees nie, maar van wie een die voorsitter van 'n koshuistugkomitee moet wees, word aangewys deur die Verteenwoordige Studenteraadslid verantwoordelik vir dissipline.
  - (c) 'n Huisvader of koshuishoof.
- (2) Indien die huisvader of koshuishoof nie teenwoordig kan wees by 'n sessie van die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad, waartydens 'n lid van die Verteenwoordigende Studenteraad aangekla word, nie, mag die Verteenwoordige Studenteraadslid verantwoordelik vir dissipline enige ander huisvader of koshuishoof aanwys om as lid te dien vir daardie saak.
- (3) 'n Plaasvervanger word vir elke lid in subparagraaf (1) aangewys.
- (4) Die sekretaris van die Verteenwoordigende Studenteraad of 'n plaasvervanger woon elke vergadering van die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad by sonder om self 'n lid van die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad te wees; hy/sy hou net notule van die vergadering.
- (5) Indien nie die lid óf die plaasvervanger 'n sessie van die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad kan bywoon nie, mag enige ander lid van die verteenwoordigende studenteraad gekoöpteer word.

## **24 Samestelling en ampstermyne van tugkomitees van substunderade en gepatroneerde komitees van 'n Verteenwoordigende Studenteraad**

- (1) Die bestuur van elke substunderaad of gepatroneerde komitee wys jaarliks die tugkomitee vir so 'n substunderaad of gepatroneerde komitee aan, tensy die grondwet of tersaaklike reëls van so 'n dissiplinêre liggaam, waar van toepassing, ander voorskrifte oor die samestelling van die tugkomitee bevat.
- (2) Die voorskrifte in paragraaf 21 (5) van hierdie Reëls, met die nodige veranderinge, geld vir tugkomitees van substunderade en gepatroneerde komitees.

## 25 Samestelling van tugkomitees op koshuisvlak

- (1) Die bestuur van elke koshuis wys jaarliks 'n koshuistugkomitee aan vir die spesifieke koshuis ooreenkomstig die voorskrifte van die koshuis se tersaaklike reëls.
- (2) Die voorskrifte in paragraaf 21 (5) van hierdie Reëls, met die nodige veranderinge, geld vir koshuistugkomitees.

## 26 Prosedure vir dissiplinêre liggame op studentevlak

- (1) Die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad en 'n tugkomitee van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee of 'n koshuistugkomitee pas die dissiplinêre prosedure, met nodige veranderinge, kragtens paragrawe 7 en 17 van hierdie Reëls toe.
- (2) Die voorskrifte van paragrawe 7 (2) en 7(3), met die nodige veranderinge, geld vir verhore van dissiplinêre liggame op studentevlak.

## 27 Strawwe

- (1) 'n Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad of die tugkomitee van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee is kragtens paragraaf 83 van die Statuut en paragraaf 6 van hierdie Reëls bevoeg om enige van die volgende strawwe, of 'n kombinasie van die volgende strawwe, op te lê:
  - (a) 'n Kontantboete wat nie 'n bedrag mag oorskry wat van tyd tot tyd deur die Studentedekaan en/of die Direkteur van Studentesake vasgestel word, nie;
  - (b) 'n waarskuwing sonder 'n boete;
  - (c) tydelike of permanente opskorting van 'n student se lidmaatskap van die betrokke Verteenwoordigende Studenteraad of van enige substudenteraad of gepatroneerde komitee waaroor die Verteenwoordigende Studenteraad ter sprake gesag of toesig het; of
  - (d) gedeeltelike of algehele weerhouding van sekere voordele wat die student geniet kragtens die gesag van die betrokke Verteenwoordigende Studenteraad.
- (2) Volgens die bepalinge van subparagraaf (4) mag die voorsitter van 'n koshuistugkomitee, in die geval van minder ernstige oortredings, 'n afkoopboete oplê van niks meer nie as 25% van die maksimum boete wat in 'n koshuistugverhoor vir die oortreding opgelê sou word, sonder dat die student deur die huisvader, koshuishoof of hoof van die koshuistugkomitee verhoor is.
- (3) Ten spyte van subparagraaf (2) mag die betrokke student kies om eerder deur die koshuistugkomitee verhoor te word.
- (4) Versuim om 'n afkoopboete binne drie dae te betaal, lei tot onmiddellike verhoor deur die koshuistugkomitee.
- (5) Alle gevalle waarin afkoopboetes opgelê is, word ook in die tugboek – soos in paragraaf 30 van hierdie Reëls bedoel – opgeteken.

- (6) Versuim deur 'n koshuisbewoner om onmiddellik skade aan die koshuis of enige ander koshuiseiendom by die betrokke huisvader, koshuishoof, huiskomiteelid of matrone aan te meld, is 'n oortreding.
- (7) Indien die Universiteit herstelwerk moet laat doen, sal dit op die student se onkoste gebeur, soos in paragraaf 6 van hierdie Reëls aangedui.
- (8) 'n Inwoner het die reg om die herstel- of vervangingskoste te betaal of om aan te dring op 'n verhoor deur die koshuistugkomitee.
- (9) 'n Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad en 'n tugkomitee van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee of 'n koshuistugkomitee mag voorwaardelik enige straf opgelê gedeeltelik of volledig opskort.
- (10) 'n Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad en 'n tugkomitee van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee of 'n koshuistugkomitee mag, as voorwaarde vir die opskorting van 'n straf, vasstel dat die student sekere remediërende dienste moet lewer wat, volgens die betrokke dissiplinêre liggaam en onder die omstandighede, redelik en regverdig is vanuit 'n opvoedkundige standpunt, en ooreenstem met die institusionele kultuur van die Universiteit.

## 28 Appèl

- (1) 'n Student wat skuldig bevind is deur 'n tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad mag appelleer by die kampusrektor, wat saam met die Studentedekaan of Direkteur van Studentesake, tesame met nog 'n lid van die betrokke kampusbestuur, uitspraak sal gee oor die appèl.
- (2) 'n Student wat skuldig bevind is deur 'n tugkomitee van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee of 'n koshuistugkomitee het, kragtens paragraaf 84 van die Statuut, die reg om te appelleer by die Studentedekaan of die Direkteur van Studentesake, wie saam met die Voorsitter en Adjunkvoorsitter van die Studenteraad sal uitspraak gee oor die appèl.
- (3) So 'n appèl moet binne vyf (5) dae (Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae uitgesluit) skriftelik aangeteken word, en die prosedure wat in paragraaf 5 van hierdie Reëls aangedui word, is met die nodige veranderinge van toepassing.
- (4) Enige lid wat ook lid was van 'n dissiplinêre liggaam wat die eerste keer die saak hanteer het of by 'n vorige appèl betrokke was, moet hom- of haarself onttrek van die sessie waar die appèl vir hiërdie saak aangehoor word.

## 29 Verslag

- (1) Die Verteenwoordigende Studenteraad se lid vir dissiplinêre aangeleenthede of sy/haar afgevaardigde moet die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde van die uitslag van die verhoor in kennis stel so spoedig moontlik na afhandeling van die tugsak.
- (2) Indien 'n student wil appelleer teen die bevinding van of straf opgelê deur die Tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad, moet die voorsitter van die Tugkomitee van die

Verteenwoordigende Studenteraad 'n geskrewe verslag saamstel wat die besonderhede van die aanklag, die pleit, die getuienis, wesenlike feitelike bevindinge, die bevinding – insluitende enige verswarende of versagende omstandighede – die straf opgelê en redes vir die beslissing, bevat.

- (3) Die appellant is geregtig op 'n afskrif van die verslag in subparagraaf (2) oor betaling van betrokke onkoste, soos vasgestel deur die kampusregistrator.
- (4) Indien 'n student appelleer teen die besluit van 'n tugkomitee of substudenteraad of gepatroneerde komitee of koshuistugkomitee, geld paragraaf 29(1), (2) en (3) van hierdie Reëls met die nodige veranderinge.

### **30 Tugboek**

- (1) Vir die doel van paragraaf 81(5) van die Statuut van die Universiteit, moet 'n tugkomitee van die Verteenwoordigende Studenteraad en die tugkomitee van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee of 'n koshuistugkomitee 'n tugboek hou waarin die volgende besonderhede van elke tugsak opgeteken moet word:
  - (a) Die datum, tyd en plek waar die betrokke dissiplinêre liggaam vergader het en die name en studente- of personeelnommers van die lede van die dissiplinêre liggaam;
  - (b) die student se volle naam, van en studentenommer;
  - (c) 'n beskrywing van die aard van die beweerde oortreding, die tyd en plek waar dit na bewering plaasgevind het, sowel as die student se pleit;
  - (d) die name en studentenommers van al die getuies en 'n kort opsomming van elk se getuienis;
  - (e) die bevinding van die betrokke dissiplinêre liggaam oor die student se skuld al dan nie, sowel as redes vir die bevinding; en
  - (f) die straf opgelê, of 'n boete opgelê is en die datum waarop dit betaalbaar is, sowel as die kwitansienommer van die betaling, wat die student binne sewe (7) dae nadat die straf opgelê is aan die Verteenwoordigende Studenteraad se lid vir dissiplinêre aangeleenthede, of die voorsitter van die substudenteraad of gepatroneerde komitee of die betrokke koshuistugkomitee, moet toon.
- (2) 'n Tugboek moet gehou word ter insae van enige persoon wat kan bewys dat hy/sy belang het in 'n tugsak; die boek moet, na gelang van omstandighede, by die sekretaris van die Verteenwoordigende Studenteraad of die voorsitter van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee of 'n koshuistugkomitee gehou word.

### **31 Dissiplinêre aksie deur huisvader of koshuishoof**

- (1) Buiten die feit dat hy/sy die verrigtinge van die betrokke koshuistugkomitee as volwaardige lid mag bywoon indien hy/sy sou wou of deur die voorsitter versoek is om teenwoordig te wees, het die huisvader of koshuishoof onafhanklike dissiplinêre bevoegdheid kragtens paragraaf 2(6) van hierdie Reëls.

- (2) Die huisvader of koshuishoof bepaal, sover moontlik in oorleg met die voorsitter van die koshuistugkomitee, watter aanklagte hy/sy self sal aanhoor en watter aanklagte deur die koshuistugkomitee aangehoor sal word.
- (3) Ten spyte van subparagraaf (2), word alle ernstige aanklagte en aanklagte wat nie in die betrokke koshuis plaasgevind het nie, by die studenteregsbeampte aangemeld vir besluitneming.
- (4) Die huisvader of koshuishoof beskik oor die bevoegdheid om die strawwe genoem in subparagraawe 6(8), (10) en (12) van hierdie Reëls op te lê.
- (5) 'n Huisvader of koshuishoof wat die dissiplinêre bevoegdhede soos bedoel in subparagraaf (1) uitoefen, hou 'n geskrewe rekord van sulke aksies kragtens paragraaf 29 van hierdie Reëls, en dien 'n geskrewe verslag oor hierdie aksies in by die studentedekaan of die Direkteur van Studentesake.
- (6) Appèl teen die beslissing van 'n huisvader of koshuishoof kan aangeteken word by die studentedekaan of die Direkteur van Studentesake, wat saam met die Voorsitter en die Ondervoorsitter van die Studenteraad uitspraak sal lewer oor die appèl.

## **32 Voortgesette aanspreeklikheid vir volledige gelde**

In alle gevalle van oortredings en die daaropvolgende tugstappe wat dit ten gevolge mag hê, kragtens bepalings van die Statuut en hierdie Reëls – die tydelike of permanente, algehele of gedeeltelike opskorting van regte en voorregte, intervensie in of onderbreking of terminering van studies of nie-aanvaarding in 'n koshuis – verbeur die betrokke student enige reg tot terugbetaling, vermindering of kwytskelding van gelde wat aan die Universiteit betaal is of betaalbaar is.

**Oorspronklike besonderhede:** AMANDA.VANDERMERWE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\7p-7.8.3-disciplinary\_e.docx  
2010-02-04

**Oorspronklike gegewens:** Amanda van der Merwe(10935746) SHARE\7P-7.8.3\_Student Disciplinary\_a.docm  
28 November 2013

Lêerverwysing: 7P/7.8.3